

BYBELLEESROOSTER EN PREEKROOSTER KONINKRYKSTYD

LEES DIE BYBEL SÓ DAT JY GOD HOOR EN ONTMOET

LEES

Lees die teksgedeelte 'n paar keer rustig deur, indien moontlik in meer as een vertaling. Leer om te *luister* terwyl jy lees. Jy lees nie bloot vir informasie nie. Jy lees en luister met jou hart - omdat jy God wil hoor en ontmoet. Identifiseer daardie vers, frase of woord wat jou veral aanraak.



MEDITEER

Dink verder na oor die woorde of frases wat jou veral in die teks aanspreek: wat hoor jy daarin; watter emosies maak dit by jou los; wat sê die Here vir jou daarin? Meditasie trek ons eie leefwêreld in die teksgedeelte in: die teks begin ons lewe "lees". Die Bybel (God!) raak die "subjek" van die aktiwiteit en ons lewe die "objek".



BID

Wanneer die teks so met jou begin praat, is dit 'n spontane reaksie om daarvoor met God te begin praat. Bid oor dit wat jy hoor God vir jou sê of vra of beloop.



ONTVANG
& LEEF

Pas dit wat jy gehoor het op jou lewe toe. Glo dat die Here dit wat Hy in sy Woord van jou vra, *deur sy Gees in jou lewe kan en sal doen*. "Ontvang" dit in die geloof soos Maria in Luk 1:38: "*Laat dit met my wees volgens u Woord*". Bid is hier ontvang en dankie sê.

KONINKRYKSTYD

Die tydperk na Pinkster (middel Junie) tot en met Advent (einde November) staan in die kerkjaar bekend as Koninkrykstyl. Dit gaan in Koninkrykstyl daaroor dat die heerskappy van die drie-enige God (Skepper, Verlosser en Trooster) sigbaar sal wees in elke faset van die lewe. Ons word herinner aan die roeping om die gawes wat ons tydens die feeste (Paasfees en Pinkster) gevier het, in die alledaagse lewe uit te leef. Deur ons optrede moet die koms van God se koninkryk sigbaar gemaak word deur ons betrokkenheid by die materiële, geestelike en emosionele nood in die wêreld.

Koninkrykstyl herinner ons telkens aan die eenheid en interaksie tussen wat ons bely en hoe ons lewe, tussen die teks en ons konteks, tussen kerk en wêreld, tussen word en daad.

EIE BYBELLEES

<i>Week</i>	<i>Seisoen</i>	<i>Teks</i>	<i>Erediens</i>
10 - 16 Jun	<i>Triniteitsondag</i>	Joh 16:12-15	16 Jun
17 - 23 Jun	<i>Koninkrykstyl</i>	Gal 3:23-29	23 Jun
24 - 30 Jun	<i>Koninkrykstyl</i>	Gal 5:1, 13-25	30 Jun
1 - 7 Jul	<i>Koninkrykstyl</i>	Gal 6:1-16	7 Jul
8 - 14 Jul	<i>Koninkrykstyl</i>	Amos 7:7-17	14 Jul
15 - 21 Jul	<i>Koninkrykstyl</i>	Amos 8:1-12	21 Jul
22 - 28 Jul	<i>Koninkrykstyl</i>	Hos 1:2-10	28 Jul
29 Jul - 4 Aug	<i>Koninkrykstyl</i>	Hos 11:1-11	4 Aug
5 - 11 Aug	<i>Koninkrykstyl</i>	Heb 11:1-3, 8-16	11 Aug
12 - 18 Aug	<i>Koninkrykstyl</i>	Heb 11:29-12:2	18 Aug
19 - 25 Aug	<i>Koninkrykstyl</i>	Heb 12:18-29	25 Aug
26 Aug - 1 Sept	<i>Dankfees</i>	Heb 13:1-8, 15-16	1 Sept
2 - 8 Sept	<i>Koninkrykstyl</i>	Fil 1-21	8 Sept
9 - 15 Sept	<i>Koninkrykstyl</i>	Luk 15:1-10	15 Sept
16 - 22 Sept	<i>Koninkrykstyl</i>	Luk 16:1-13	22 Sept
23 - 29 Sept	<i>Koninkrykstyl</i>	Luk 16:19-31	29 Sept

